## SARS het progressiewe Wêreld Doeane Organisasie-Oos en Suider-Afrika-streekbyeenkomste aangebied van 12 tot 16 Mei 2025

**Tshwane, 16 Mei 2025** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het die 41ste streeksbeheergroep van die Wêreld Doeane Organisasie- (WCO) -Oos en die Suider-Afrika-streek (ESA) van 12 tot 14 Mei, en die 31ste beheerraad van 15 tot 16 Mei 2025 aangebied. Die byeenkomste het die sleutelontwikkelinge vir die 2024-2025 verslaggewingtydperk hersien en die nuwe ESA-streekstrategie (2025 - 2028) gefinaliseer. Die byeenkoms is deur lede-doeane-administrasies, streekentiteite en ander vennote bygewoon. Dit het deelnemers se volgehoue verbinding tot strategiese hervorming, kapasiteitbou en streek-integrasie bevestig.

Die byeenkoms het die sentrale rol beklemtoon wat doeane-administrasies in die fasilitering van handel, mobilisering van hulpbronne en die beskerming van die samelewing speel. 'n Hoë-prioriteitonderwerp was die handelfasiliteringooreenkoms wat handelbelemmernisse sal help afbreek en ondoeltreffendhede elimineer, soos handelbeperkings buite tariefverband wat kostes opstoot en ekonomiese integrasie verhinder.

As 'n sleutel-instaatsteller van handeldryf, is WCO 'n lewensbelangrike stem wat Afrika se deelname aan globale handel en internasionale ooreenkomste ondersteun. Die aanneming van die Afrika Kontinetale Vrye Handelgebied is 'n mylpaal vir intra-Afrika-handel. Die sukses daarvan hang egter af van die kapasiteit van doeane-administrasies om handelbeperkings buite tariefverband te elimineer en kommervrye oorgrense beweging te fasiliteer. Om hierdie doelwit te verwesenlik, het Suid-Afrika se adjunk-minister van finansies, Ashor Sarupen, hulpmiddels soos versterkte konnektiwiteit, voor-aankomsprosessering en gemagtigde ekonomiese operateurprogramme as fundamenteel tot die agenda uitgewys. Hy het genoem dat hierdie hulpmiddels volgehoue belegging in digitale stelsels en moderne infrastruktuur verg om doeltreffend te kan bly. Om die vinnige groei van e-handel te hanteer is ewe uitdagend en onderdruk bestaande doeane-stelsels.

Ian Saunders, WCO se sekretaris-generaal, het uitgewy oor die WCO se bydra tot die ontwikkeling van reaktiewe, omvattende beleide wat die behoeftes van diverse streke uitbeeld. Hierdie jaar merk 'n tydperk van transformasie in hoe die WCO met sy lede verbind. Sentraal tot hierdie transformasie is die ontwikkeling van die WCO se strategiese plan wat in 2025 gefinaliseer sal word. Hierdie mylpaalplan is in lyn met die jaar se oorkoepelende tema van betekenisvolle, lede-gedrewe verandering wat in modernisering en samewerking geanker is. Pogings om die WCO se bedrywighede te versterk, gesteun deur die geëndosseerde mosies en begroting-allokerings, vorder in tandem met hulle strategie. Ter afsluiting het die sekretaris-generaal gesê: "Die WCO bly toegewyd tot deursigtigheid, akkuraatheid en toerekenbaarheid, onderstut deur doeane wat toegewydheid tot doeltreffendheid, sekuriteit en vooruitstrewendheid lewer".

SARS Kommissaris mnr. Edward Kieswetter het die belangrikheid van die WCO-ESA-streek onderstreep - 'n blok van 24 lande wat gedeelde uitdagings en geleenthede in die gesig staar. Die streek bly relatief stabiel, ryk in natuurlike hulpbronne en voorbereid om hul demografiese dividend te benut. Sukses sal gekoördineerde strategie, innoverende denkwyse en 'n kollektiewe verbinding tot wedersydse groei verg. Doeane-administrasies moet integreer, data gebruik, die potensiaal van e-handel ontsluit en vennootskappe met die publiek en privaat sektore verdiep. Deur eenheid en vreeslose samewerking, kan die ESA-streek vordering jeens 'n meer verbonde en florerende toekoms win.

Die kommissaris het verder opgelet dat die Afrika Kontinentale Vrye Handelgebied tradisionele doeane-praktyke moet herbesoek en innovasie moet aangryp. Belangrik is dat 'n beroep op die WCO gemaak is om hul kapasiteit in te span om beter gerigtheid met opkomende globale tendense en dieper samewerking tussen die publiek en privaat sektore te dryf. Doeane-administrasies moet oor handel toesig hou wat nie net doeltreffend is nie, maar ook regverdig, wat bydra tot veerkragtige en inklusiewe ekonomië. Die byeenkoms het afgelei dat moderne doeane-bedrywighede belasting-lekkasies moet help verminder, handelonkostes moet verlaag en die korporatiewe belastingbasis moet uitbrei. Digitale stelsels bespoedig handelprosesse, terwyl streekharmonisering markte integreer en mededingendheid verhoog. Die byeenkoms het waargeneem dat, deur doeane te versterk, lande die volledige voordele van handel onder die Afrika Kontinentale Vrye Handelgebied kan ontsluit.

Ten slotte het die kommissaris gesê: "Onbetwyfelbaar, ondergaan doeane-administrasies wêreldwyd 'n tydperk van ongekende transformasie, gevorm deur tegnologiese onderbreking, ontvouende risiko's en geopolitiese onstabiliteit. Hoewel hierdie veranderinge aansienlike uitdagings aan die dag lê, bied dit ook geleenthede om veerkragtige, toekoms-gerede instansies te bou, solank dit benader word deur gestruktureerde hervorming, geleide prosesse en versterkte streeksamewerking".

Die konferensie het die 31ste beheerraad tot 'n einde gebring met verkiesings wat Suid-Afrika eenparig tot die posisie van ondervoorsitter van WCO ESA verkies het, wat 1 Julie 2025 sal intree. As ondervoorsitter, word daar van Suid-Afrika verwag om die wetstoepassende reëlings te versterk en die volhoubaarheid van die streekkantoor te verbeter terwyl hulle die implementasie van die streek se strategiese prioriteite bestuur wat digitale transformasie, doeane-modernisering, inkomste-mobilisering en streeksamewerking insluit. Hierdie rol versterk Suid-Afrika se globale invloed en posisie. Madagaskar is as adjunk-ondervoorsitter verkies en Kenia as 'n addisionele lid tot die WCO-beleidkommissie.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.